

5 November

Skrifgedeelte: Matteus 1:18-25

Fokusgedeelte: Matteus 1:21; Heidelbergse Kategismus Sondag 11

Jesus Christus – Enigste Verlosser

“Sy sal ’n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.”

Van Josef is nie veel bekend nie – tog is hy die eerste mens wat die Seun van God “Jesus” noem (vs. 25). Dit is in sy omstandighede ’n besondere geloofsdaad van Josef, wat nie altyd so herken word nie.

Vir Josef was dit seker die mees verwarrende tyd van sy lewe. Sy verloofde was swanger, en tog was hy nie die pa nie. Die enigste logiese antwoord was dat Maria aan hom ontrou was. Josef is vasgevang tussen sy getrouheid aan die wet van God en sy liefde vir Maria. Wat sal Josef hierdie Kindjie noem? “Wetteloos?”, “Buite-egtelik?” of “Seun van my skande?” Uiteindelik besluit Josef om liever niks met die ongeboore Kindjie te doen te hê nie. Hy sal maar vlug en in die geheim van Maria skei (vs. 19). Hy sal eerder hierdie Kindjie geen naam gee nie.

God gryp in hierdie situasie in. Dit word nie aan die mens oorgelaat om self ’n naam vir die Seun van God uit te dink nie. Sy Naam kom as ’n aankondiging en Goddelike opdrag: “Jy moet Hom Jesus (Verlosser) noem” (vs. 21). Dit vra ook van Josef geloof en gehoorsaamheid om hierdie Jesus as sý Verlosser te herken.

In elke mens se lewe kom daar ontstellende tye wanneer jy nie eers weet wat om te hoop of te vrees nie. Onder sulke omstandighede is dit menslik om met eie insig ’n plan van aksie, ’n begroting, ’n naam, ’n uitweg of ’n doelwit uit te dink. Hoe meer jy sukkel, hoe meer lyk boedel oorgee en vlug na die beste opsie. Daar is egter ’n ander opsie. Maak soos Josef en buig eerder gelowig gehoorsaam onder God se reddingsplan. Neem jou toevlug tot die genade en versoening wat daar in die Seun van God is. Ja, noem Hom ook in jou omstandighede “Verlosser” (“Jesus”). Loop dan die pad verder gehoorsaam saam met Hom. Gou sal jy besef Hy is ook Immanuel (God by jou).

Sing: Skrifberyming 3-3:1, 2, 3

Dr. WC Vergeer (Krugersdorp)